

8 Maart

Skrifgedeelte: 2 Samuel 4:1-5:16

Vra na die wil van God

Saul was nog slegs 'n jaar of twee koning, toe Samuel geprofeteer het dat God sy koningskap van hom gaan wegneem en aan iemand beter gaan gee (1 Sam 13:14). Dit het later presies net so gebeur! Die vervulling van hierdie profesie onderstreep weer eens: God regeer.

Dit was 'n tyd vol intriges. Saul pleeg selfmoord op Gilboa. Die Amalekiet lieg as hy sê hy het Saul om die lewe gebring. Dit kos hom sy lewe. Dawid word as koning oor Juda in Hebron gesalf. Abner kroon Is-Boset in Maganajim as koning oor Israel. Burgeroorlog breek uit. Die aspirasies van die twee leiers van die onderskeie leërs gooi verder petrol op die vuur. Twee skurke vermoor Is-Boset. Dit is 'n geskiedenis vol sondige, menslike drama.

Maar wat opval: Dwarsdeur dit alles word God se raadsplan vervul. Die uitkoms is vas en seker: Dit is nie die manipulering van die geskiedenis deur Satan nie, nie die sondige dade van mense en nie die boosheid van die wêreld wat die uitslag bepaal nie, maar God wat besluit.

Dit hou vir ons groot troos in. Ons lewe in 'n deurmekaar wêreld. Dit maak baie mense paniekerig. Maar jy weet: Bokant die geroei en gestoei van mense, bokant die listige aanslae van die Bose is die ewige God en Vader wat besluit en die koers van die geskiedenis bepaal. Ons sing met dankbaarheid: "Die Heer se raad word nooit gekeer nie!" Ons Here Jesus Christus regeer!

Sing: Psalm 33:6

Ds APC Duvenage (Emeritus)